

## VRAAG 1

50 punte

Uhuru (Edms) Bpk ('Uhuru') is 'n inwonermaatskappy van Suid-Afrika vir inkomstebelasting-doeleindes en 'n geregistreerde belasting op toegevoegde waarde (BTW) -ondernemer. Uhuru is in 2011 deur die hoof uitvoerende beampte, Nomzamo Dhlomo, 'n 38-jarige Suid-Afrikaanse inwoner, gestig. Nomzamo is steeds die meerderheidsaandeelhouer van die maatskappy. Die maatskappy se finansiële jaar eindig op 31 Desember en hierdie datum is as die maatskappy se jaar van aanslag deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) goedgekeur.

Uhuru is 'n digitale bemarkingsagentskap wat in sosiale media, inhoudskepping en handelsmerkvoering spesialiseer. Uhuru het meer as 85 mense in diens. Die maatskappy het sleutel rekeningbestuurders wat verantwoordelik is vir die uitvoering en lewering van kliënte se bemarkingsopdragte. Elkeen word bygestaan deur 'n bemarkingsassistent.

### Stutterheimers Bpk

Die kleresektor in Suid-Afrika was die afgelope paar jaar onder ernstige druk as gevolg van internasionale kleinhandelwinkels wat die Suid-Afrikaanse mark betree het. Een van Uhuru se grootste kliënte, Stutterheimers Bpk ('Stutterheimers') 'n welbekende Suid-Afrikaanse klerehandelaar, is gedurende die 2016-belastingjaar onder ondernemingsredding (Eng.: 'business rescue') geplaas.

Op daardie stadium het Stutterheimers R2 200 000 vir sosialemedia bestuursdienste aan Uhuru geskuld. Stutterheimers was nie in staat om hierdie bedrag aan Uhuru terug te betaal nie, met 'n gevolglike negatiewe finansiële uitwerking op Uhuru, wat bygedra het tot 'n aansienlike bedryfskapitaalttekort. Om hierdie druk te verlig, het Nomzamo sedert 1 Maart 2016 'n lening aan Uhuru toegestaan, met rente teen prima op die lening betaalbaar.

Nomzamo het hierdie lening by wyse van 'n verhoogde verbandlening by ZA Bank Bpk ('ZA Bank') gefinansier. Hierdie verbandlening is op haar privaatwoning. ZA Bank het die bedrag direk in Uhuru se bankrekening inbetaal. Rente teen prima min 1,5% per jaar word op die verbandlening gehef.

### Aisha Alexander

Uhuru is in Desember 2016 deur 'n Suid-Afrikaanse lewenstylmaatskappy gekontrakteer om die maatskappy se nuwe reeks sandale, bekend as Copacabanas, te bemark en bekend te stel. Nomzamo het die leiding met die ontwerp van die bemarkingsopdrag geneem. Op haar advies het Uhuru daarom 'n ooreenkoms met Aisha Alexander, 'n welbekende glanspersoonlikheid en 'n Suid-Afrikaanse inwoner, gesluit om die nuwe Copacabanas op verskeie sosialemedia platforms te vertoon. Om die bemarkbaarheid van die produk te verhoog, het Uhuru vir Aisha op 'n sewe-dag reis na Rio de Janeiro, Brasilië, gestuur om foto's van haar te neem terwyl sy die Copacabanas dra. Sy moes die foto's op die sosialemedia platforms pos terwyl sy in Brasilië is. Hierdie reis het Uhuru die volgende gekos:

- R21 700 vir die vlug; en
- R45 000 vir 'n allesomvattende pakket by 'n 5-ster-oord.

Ingevolge die ooreenkoms tussen Uhuru en Aisha sou sy geregtig wees op R5 000 per foto van haar waar sy die Copacabanas dra en 'n bykomende R13 per 'like' wat elke foto ontvang. Die ooreenkoms het vereis dat die foto's spontaan geneem moes word terwyl sy pret het en die besienswaardighede van Rio de Janeiro geniet. Dit was die eerste keer dat Aisha in Brasilië was en sy het slegs vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms tyd daar deurgebring.

Die Copacabanas is in Februarie 2017 in Durban bekend gestel na die sukses van die Brasiliaanse toer. Uhuru het weer eens 'n ooreenkoms vir Aisha se dienste op dieselfde voorwaardes as vir die Brasiliaanse reis gesluit. Aisha het vier dae in Durban as deel van die bemarkingsveldtog deurgebring.

Aisha se vlug na Durban het Uhuru R4 000 gekos (BTW van R475 ingesluit). Bykomend tot die koste van die vlug, het Uhuru die onderstaande betalings namens Aisha gemaak:

- R1 200 vir fakture vir maaltye (R500 van hierdie koste hou verband met kos en drankies vir kliënte van Uhuru); en
- R2 200 vir taxifoie.

Aisha het gedurende die Durban-reis sewe foto's geneem wat 13 760 'likes' gekry het. Aangesien die Durban-reis nie ten volle gefinansier is nie, het Uhuru ook 'n daaglikse toelae van R900 vir toevallige uitgawes aan Aisha betaal.

Die twee ooreenkomste wat Uhuru met Aisha gesluit het, was tydelike dienskontrakte vir die besoeke na Brasilië en Durban, en die betaling vir albei was gebaseer op die inkomste ontvang tydens hierdie twee besoeke.

### **Stedelike sub-ekonomiese behuising**

Uhuru het in Januarie 2017 15 woonstelle in 'n nuwe woonstelgebou, *The Essence*, geleë in Kaapstad gekoop. Aangesien Uhuru besig was met bemarking- en sosialemedia dienste vir die eiendomsontwikkelaar, is elke woonstel teen R400 000 in plaas van die gewone opemarkwaarde van R445 000 aan Uhuru verkoop. Die woonstelle is gekoop met die doel om dit aan bemarkingsassistente in diens van Uhuru en wat in Kaapstad gebaseer was, te verkoop.

Uhuru het die behoefte aan bekostigbare sub-ekonomiese behuising van goeie gehalte in die binnestede dwarsdeur Suid-Afrika erken, en wou veral die uitdagings verlig wat werknemers wat groot afstande van buitegebiede na stadsentrums moet reis, in die gesig staar. Die 15 woonstelle is aan die einde van Januarie 2017 vir R50 000 elk aan Uhuru-bemarkingsassistente verkoop.

Uhuru se bemarkingsassistente word goed betaal, en verdien besoldiging van tussen R8 000 en R20 000 per maand. Vir doeleindes van die Sewende Bylae kan hierdie bedrae as die besoldigingsplaasvervanger gebruik word.

### **Siphokazi Dhlomo**

Siphokazi Dhlomo is 'n 61-jarige Suid-Afrikaanse inwoner en is as die hoof strategiebeampte in diens van Uhuru. Siphokazi is Nomzamo se moeder en het op 1 Januarie 2017 by Uhuru aangesluit. Sy was by Stutterheimers in diens tot haar aftrede op 31 Desember 2016. Siphokazi ontvang 'n salaris van R57 578 per maand by Uhuru, dieselfde salaris as wat sy ontvang het terwyl sy in diens van Stutterheimers was. Sy is 'n lid van en dra by tot die Uhuru Voorsorgfonds.

Siphokazi was tot en met die datum van haar aftrede 'n lid van 'n mediese skema wat ingevolge die *Wet op Mediese Skemas*, 1998 (Wet 131 van 1998) in Suid-Afrika geregistreer is. Stutterheimers het alle bydraes tot die mediese skema vir sowel Siphokazi as haar gade betaal. Na haar aftrede het Siphokazi self aangehou om die volle bydrae tot die mediese skema namens haarself en haar gade te betaal.

Op die datum van Siphokazi se aftrede het 'n uitreefonds enkelbedragvoordeel van R2 242 528 uit die Stutterheimers Voorsorgfonds aan haar toegeval. Op daardie datum was R203 866 van haar bydraes tot die fonds nie voorheen as aftrekkings toegelaat nie.

Ingevolge 'n belastingaanwysing ontvang vanaf die SAID, is 'n bedrag van R684 418 as belasting op die uitreefonds enkelbedragvoordeel teruggehou.

'n Skeidingsvoordeel van R600 000 het gedurende die 2013 jaar van aanslag aan Siphokazi vanaf 'n vorige werkgewer toegeval. Hierdie enkelbedrag was 'n 'skeidingsvoordeel' soos omskryf in artikel 1(1) van die *Inkomstebelastingwet*, 1962 (Wet 58 van 1962) en werknemersbelasting van R51 300 is korrek deur die werkgewer teruggehou.

Siphokazi het haar ITR12-belastingopgawe op 7 Julie 2017, na die opening van die SAID-belastingseisoen, voltooi en ingedien. Op dieselfde dag is 'n ITA34 Kennisgewing van Aanslag aan haar uitgereik, wat Siphokazi geskok het aangesien dit 'n netto bedrag van R713 083,30 betaalbaar weerspieël het. Die onderstaande is 'n uittreksel uit die ITA34 vir die 2017 jaar van aanslag:

Kode	Beskrywing	Berekeninge en aanpassings	Bedrag aangeslaan
<b>Inkomste uit diens [IRP5/IT3(a)]</b>			<b>734 134</b>
3601	Inkomste – belasbaar	575 779	575 779
3601	Inkomste – belasbaar	115 155	115 155
3810	Medieseskemafooi-byvoordeel	43 200	43 200
<b>Uitreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel ontvang</b>			<b>2 038 662</b>
3920	Uitreefonds enkelbedrag-onttrekkingsvoordeel	2 038 662	2 038 662
<b>AFTREKKINGS TOEGELAAT</b>			
Kode	Beskrywing	Berekeninge en aanpassings	Bedrag aangeslaan
<b>Uitreefondsbydraes</b>			<b>(13 183)</b>
4004	Lopende voorsorgfonds bydrae-aftrekking (beperk tot die bedrag bygedra) gelykstaande aan die minste van: R350 000 of 27,5% van die hoogste van besoldiging of belasbare inkomste	13 183	(13 183)
<b>BELASBARE INKOMSTE</b>			
Kode	Beskrywing	Berekeninge en aanpassings	Bedrag aangeslaan
	<b>Belasbare inkomste – onderhewig aan normale belasting</b>		<b>720 951</b>
	<b>Belasbare inkomste – onderhewig aan tabel vir uitreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordele</b>		<b>2 038 662</b>
<b>BELASTINGBEREKENING</b>			
Kode	Beskrywing	Berekeninge en aanpassings	Bedrag aangeslaan
	Normale belasting		215 020,90
	Kortings Primêr	13 500	(13 500)
	Belastingaanspreeklikheid vir uitreefonds enkelbedrag-onttrekkingsvoordeel		693 418,32
<b>Totale belasting aangeslaan</b>			<b>894 939,20</b>
<b>Min belasting alreeds betaal</b>			
	Werknemersbelasting		(181 855,89)
4102	LBS – Lopende Betaalstelsel	181 855,89	
<b>Netto bedrag betaalbaar ingevolge hierdie aanslag</b>			<b>713 083,30</b>

## **Masego Marks**

Masego Marks ('Masego') is 'n 28-jarige Suid-Afrikaanse inwoner vir belastingdoeleindes en is sedert 2013 in diens van Uhuru as 'n sleutel rekeningbestuurder.

Ingevolge Uhuru se dienskontrakte met sy sleutel rekeningbestuurders is alle sleutel rekeningbestuurders geregtig op 'n kontantsalaris van R40 000 per maand asook 'n jaarlikse persentasie kommissie wat op hul kliëntportefeuljebesteding gebaseer is. 'n Kommissie van R127 000 is op 31 Desember 2016 goedgekeur en in Januarie 2017 aan Masego betaal.

Uhuru se sleutel rekeningbestuurders is ook geregtig op die gebruik van 'n slimfoon wat deur Uhuru besit word en ook vir privaat doeleindes gebruik mag word. Dit is elke sleutel rekeningbestuurder se verantwoordelikheid om voorafbetaalde bewyse vir hul fone te koop. Wanneer 'n nuwe model elke jaar vrygestel word, vervang Uhuru hul werknemers se slimfone met die nuwe model. Masego het vanaf 1 November 2015 tot 31 Oktober 2016 die reg van gebruik van 'n slimfoon wat deur Uhuru besit word en wat 'n opemarkwaarde van R13 599 gehad het. Hierdie gebruik word geag vir 'n groot deel van die nutsduur van die foon te wees. Sy slimfoon, model 6, is deur die nuwe slimfoon, model 7, vervang, wat op 1 November 2016 'n kosprys van R9 499 gehad het. Masego het beraam dat ongeveer 20% van sy foonoproepe op sowel die model 6- as model 7-slimfone vir besigheidsdoeleindes was.

Uhuru het in Junie 2016 'n maandelikse huurkontrak met VLS (Edms) Bpk, 'n maatskappy wat vlootbestuursdienste vir voertuie verskaf, aangegaan vir die huur van 20 Mini 3-deur-luikrugmotors teen R4 500 per voertuig per maand. Hierdie huurkontrakte, moet teen die 25ste van die maand hernu word of die voertuie moet aan die verhuurder terugbesorg word. Die huurkontrakte is nie bedryfshure soos omskryf in ingevolge artikel 23A(1) van die Inkomstebelastingwet nie, word deur die werkgewer gehou en die eiendomsreg daarvan sal na afloop van die huurooreenkoms deur die werkgewer verkry word. Elke voertuig het op 1 Junie 2017 'n kleinhandelmarkwaarde van R290 500 gehad. As 'n sleutel rekeningbestuurder het Masego vanaf 1 Junie 2016 die reg van gebruik van een van die Mini's ontvang. Masego het die volle koste van alle brandstof gedra en akkuraat rekord gehou van die onkoste, wat R13 500 beloop het. Volgens Masego se ritboek het hy gedurende die 2017 jaar van aanslag 'n totaal van 20 000 km met die Mini afgelê, waarvan 4 800 km vir privaatdoeleindes was.

Aangesien Uhuru nie na-uittredevoordele aan sy sleutel rekeningbestuurders bied nie, moedig die maatskappy hulle aan om by 'n uittredingannuïteitsfonds van hul eie keuse aan te sluit. Uhuru dra dan dieselfde bedrag as die werknemers by tot hul uittredingannuïteitsfondse. Masego is 'n lid van 'n uittredingannuïteitsfonds en het gedurende die jaar van aanslag bydraes ten bedrae van R45 000 tot die fonds gemaak.

## **Bykomende inligting**

- Uhuru doen slegs sake met BTW-ondernemers, tensy anders aangedui word.
- Alle bedrae wat verskaf word, sluit waar van toepassing BTW in, en in alle gevalle het Uhuru geldige BTW-fakture bekom.

**UITTREKSEL UIT DIE**

**CONVENTION BETWEEN THE GOVERNMENT OF THE REPUBLIC OF  
SOUTH AFRICA AND THE GOVERNMENT OF THE FEDERATIVE REPUBLIC OF  
BRAZIL FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND THE PREVENTION  
OF FISCAL EVASION WITH RESPECT TO TAXES ON INCOME**

The Convention was published in *Government Gazette* No 29073 dated 28 July 2006.

**Article 1**  
***Persons Covered***

This Convention shall apply to persons who are residents of one or both of the Contracting States.

**Article 2**  
***Taxes Covered***

1. This Convention shall apply to taxes on income imposed on behalf of a Contracting State.
2. There shall be regarded as taxes on income all taxes imposed on total income, or on elements of income.
3. The existing taxes to which the Convention shall apply are:
  - (a) in Brazil:
    - (i) the federal income tax (hereinafter referred to as “Brazilian tax”); and
  - (b) in South Africa:
    - (i) the normal tax;
    - (ii) the secondary tax on companies; and
    - (iii) the withholding tax on royalties;(hereinafter referred to as “South African tax”).

**Article 3**  
***General Definitions***

1. For the purposes of this Convention, unless the context otherwise requires:
  - (f) the terms “enterprise of a Contracting State” and “enterprise of the other Contracting State” mean respectively an enterprise carried on by a resident of a Contracting State and an enterprise carried on by a resident of the other Contracting State;
  - (h) the term “national” means:
    - (i) any individual possessing the nationality of a Contracting State;
    - (ii) any legal person, partnership or association deriving its status as such from the laws in force in a Contracting State; and
  - (i) the term “person” includes an individual, a company and any other body of persons that is treated as an entity for tax purposes.
2. As regards the application of the provisions of the Convention at any time by a Contracting State, any term not defined therein shall, unless the context otherwise requires, have the meaning that

it has at that time under the law of that State for the purposes of the taxes to which the Convention applies, any meaning under the applicable tax laws of that State prevailing over a meaning given to the term under other laws of that State.

#### **Article 4** ***Resident***

1. For the purposes of this Convention, the term “resident of a Contracting State” means any person who, under the laws of that State, is liable to tax therein by reason of that person’s domicile, residence, place of management or any other criterion of a similar nature, and also includes that State and any political subdivision or local authority thereof.
2. Where by reason of the provisions of paragraph 1 an individual is a resident of both Contracting States, then that individual’s status shall be determined as follows:
  - (a) the individual shall be deemed to be a resident solely of the State in which a permanent home is available to the individual; if a permanent home is available to the individual in both States, the individual shall be deemed to be a resident solely of the State with which the individual’s personal and economic relations are closer (centre of vital interests);
  - (b) if sole residence cannot be determined under the provisions of subparagraph (a), the individual shall be deemed to be a resident solely of the State in which the individual has an habitual abode;
  - (c) if the individual has an habitual abode in both States or in neither of them, the individual shall be deemed to be a resident solely of the State of which the individual is a national;
  - (d) if the individual is a national of both States or of neither of them, the competent authorities of the Contracting States shall settle the question by mutual agreement.

#### **Article 14** ***Independent Services***

1. Income derived by a person that is a resident of a Contracting State in respect of professional services or other activities of an independent character shall be taxable only in that State, unless:
  - (a) the remuneration for those services or activities is paid by a resident of the other Contracting State or is borne by a permanent establishment or a fixed base situated therein. In such case, the income may also be taxed in that other State; or
  - (b) that person, employees of that person or any other person on behalf of that person are present, or the services or activities continue, in the other Contracting State for a period or periods exceeding in the aggregate 183 days in any twelve-month period commencing or ending in the fiscal year concerned. In such case, only so much of the income as is derived from the services or activities performed in that other State may be taxed in that other State; or
  - (c) the services or activities are performed in the other Contracting State through a fixed base regularly available to that person in that other State for the purpose of performing that person’s services or activities. In such case, only so much of the income as is attributable to that fixed base may be taxed in that other State.
2. The term “professional services” includes especially independent scientific, technical, literary, artistic, educational or teaching activities as well as the independent activities of physicians, lawyers, engineers, architects, dentists and accountants.

**Article 15**  
***Income from Employment***

1. Subject to the provisions of Articles 16, 18 and 19, salaries, wages and other similar remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment shall be taxable only in that State unless the employment is exercised in the other Contracting State. If the employment is so exercised, such remuneration as is derived therefrom may be taxed in that other State.
2. Notwithstanding the provisions of paragraph 1, remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment exercised in the other Contracting State shall be taxable only in the first-mentioned State if:
  - (a) the recipient is present in the other State for a period or periods not exceeding in the aggregate 183 days in any twelve-month period commencing or ending in the fiscal year concerned, and
  - (b) the remuneration is paid by, or on behalf of, an employer who is not a resident of the other State, and
  - (c) the remuneration is not borne by a permanent establishment or a fixed base which the employer has in the other State.
3. Notwithstanding the preceding provisions of this Article, remuneration derived in respect of an employment exercised aboard a ship or aircraft operated in international traffic by an enterprise of a Contracting State may be taxed in that State.



## MONETÊRE VERANDERINGE – ATB 2018

Ten opsigte van enige jaar van aanslag wat **op of na 1 Maart 2016** begin (**synde 2017 jaar van aanslag**) – *tensy spesifiek anders vermeld*

### KORTINGS (artikel 6)

**Primêre korting** verhoog van R13 257 na **R13 500**;  
(*Sekondêre en tersiêre kortings het onveranderd gebly*)

### MEDIESE KORTINGS (artikel 6A)

Voordele aan die belastingpligtige: R270 verhoog na **R286**;  
Voordele aan die belastingpligtige en een afhanklike: R540 verhoog na **R572**;  
Voordele aan elke bykomende afhanklike: R181 verhoog na **R192**.

### ARTIKEL 9D insluiting aanpassing indien inwoner 'n natuurlike persoon is (artikel 9D(2A)(f))

Vir doeleindes van par. 10 van die Agtste Bylae: 33,3% verhoog tot **40%** van die maatskappy se netto kapitaalwins vir die betrokke buitelandse belastingjaar indien inwoner 'n natuurlike persoon is.

### ARTIKEL 10(1)(g)(ii) Vrystellingbepalings van studiebeurs aan familielid van werknemer

(aa) Besoldigingsplaasvervanger: R250 000 verhoog na **R400 000**  
(bb)(A): R10 000 verhoog na **R15 000**  
(bb)(B): R30 000 verhoog na **R40 000**

### RESIDENSIËLE HUISVESTING (par. 9 van die Sewende Bylae)

Simbool B van R73 650 verhoog na **R75 000**.

### KWB JAARLIKSE UITSLUITING (par. 5(1) van die Agtste Bylae)

R30 000 verhoog na **R40 000**

### KWB INSLUITINGSKOERS (par. 10 van die Agtste Bylae)

In die geval van 'n natuurlike persoon of 'n spesiale trust (soos in a1): 33,3% verhoog na **40%**  
In die geval van 'n maatskappy en 'n trust (behalwe 'n spesiale trust): 66,6% verhoog na **80%**

### KOERSE VAN NORMALE BELASTING

- Ten opsigte van die belasbare inkomste (uitgesluit enige uitreefonds enkelbedragvoordeel, uitreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel of skeidingsvoordeel) van natuurlike persone, boedels en spesiale trusts.

<u>Belasbare inkomste (R)</u>	<u>Skaal van Belasting</u>
0 – 188 000	18% van belasbare inkomste
188 001 – 293 600	R33 840 + 26% van die bedrag bo R188 000
293 601 – 406 400	R61 269 + 31% van die bedrag bo R293 600
406 401 – 550 100	R96 264 + 36% van die bedrag bo R406 400
550 101 – 701 300	R147 996 + 39% van die bedrag bo R550 100
701 301 en hoër	R206 964 + 41% van die bedrag bo R701 300



- **Kleinsakekorporasie (soos omskryf in artikel 12E)**  
(Ten opsigte van jare van aanslag eindigend op of na 1 April 2016)

<b>Belasbare inkomste (R)</b>	<b>Skaal van Belasting</b>
0 – 75 000	0% van belasbare inkomste
75 001 – 365 000	7% van die bedrag bo R75 000
365 001 – 550 000	R20 300 + 21% van die bedrag bo R365 000
550 001 en hoër	R59 150 + 28% van die bedrag bo R550 000

### **REISTOELAAG**

<b>Waarde van die voertuig (R)</b>	<b>Vaste koste (R p.j.)</b>	<b>Brandstofkoste (c/km)</b>	<b>Instandhoudingskoste (c/km)</b>
0 – 80 000	26 675	82.4	30.8
80 001 – 160 000	47 644	92.0	38.6
160 001 – 240 000	68 684	100.0	42.5
240 001 – 320 000	87 223	107.5	46.4
320 001 – 400 000	105 822	115.0	54.5
400 001 – 480 000	125 303	132.0	64.0
480 001 – 560 000	144 784	136.5	79.5
Oorskry 560 000	144 784	136.5	79.5

Alternatiewe vaste koers vir sekere vergoedende reistoelae: **329** sent per kilometer (voorheen 318 sent)

### **BESTAANSTOELAAG**

- Binne die Republiek:
  - Toelaag alleenlik vir toevallige uitgawes – **R115** (voorheen R109) per dag.
  - Toelaag vir etes en toevallige uitgawes – **R372** (voorheen R353) per dag.
- Buite die Republiek:
  - Werklike verblyf plus 'n voorgeskrewe bedrag gebaseer op die betrokke land (welke bedrag in die ATB verskaf sal word indien dit verskil van die bedrag soos in die Regulasie in die SAIGR Studentehandboek vervat).

### **HEREREGTE (Artikel 2(1)(b) van die Wet op Hereregte)**

Ten opsigte van eiendom op of na **1 Maart 2016** verkry:

<b>Waarde van eiendom (R)</b>	<b>Koers</b>
0 – 750 000	0%
750 001 – 1 250 000	3% van die waarde bo R750 000
1 250 001 – 1 750 000	15 000 + 6% van die waarde bo R1 250 000
1 750 001 – 2 250 000	45 000 + 8% van die waarde bo R1 750 000
2 250 001 – 10 000 000	85 000 + 11% van die waarde bo R2 250 000
10 000 000 en hoër	R937 500 + 13% van die waarde bo R10 000 000

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JUNIE 2018  
PROFESSIONELE VRAESTEL 4**

<b>VRAAG 1 – VERLANG</b>		<b>Punte</b>	
		<b>Sub-totaal</b>	<b>Totaal</b>
(a)	Adviseer Nomzamo of die rente-onkoste wat sy op haar verbandlening aangegaan het by die vasstelling van haar 2017 belasbare inkomste aftrekbaar sou wees.  Verwys na regspraak waar van toepassing.  <i>Kommunikasievaardighede – logiese beredenering</i>	9    1	    10
(b)	Bespreek die moontlike normale inkomstebelastinggevolge, indien enige, vir die bemarkingsassistent gedurende die 2017 jaar van aanslag uit die verkoop van die woonstelle deur Uhuru aan hulle.	8	8
(c)	Bespreek die normale inkomstebelastingimplikasies vir Aisha ingevolge die tydelike dienskontrak met Uhuru vir die bemarking van die Copacabanas in Brasilië vir die 2017 jaar van aanslag.  <i>Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse</i>	8  1	  9
(d)	Bereken die bedrae in verband met Aisha se reis na Durban in Februarie 2017 wat sal kwalifiseer om as insetbelasting in Uhuru se BTW-opgawe afgetrek te word.  Verskaf redes vir enige bedrae nie by jou berekening ingesluit nie.	  6	  6
(e)	Identifiseer en korrigeer die foute in die aanslag wat vir die 2017 jaar van aanslag aan Siphokazi uitgereik is.	10	10
(f)	Bereken die bedrae wat by Masego se bruto inkomste vir die 2017 jaar van aanslag ingesluit moet word.  Verskaf redes vir enige bedrae nie by jou berekening ingesluit nie.	  7	  7
<b>Totaal</b>			<b>50</b>